

Sake24

Saterdag, 28 Junie 2008

Hou geld vir bankaandele, want bullopie sál kom



Tegniese siening
John Vorster



Die insinking in die ekonomie, hoë inflasie as gevolg van hoër brandstof- en voedselpryse en stygende rentekoerse het tans 'n taamlik drastiese uitwerking op die banksektor. 'n Paar jaar gelede sou die regte besluit gewees het om hulpbronaandele te koop en bankaandele te verkoop. Maar wat nou?

As die grafieke korrek is, kan geduldige beleggers in die volgende paar jaar goed vaar deur nou bankaandele te koop. Die moeilike deel is egter om te weet wanneer die regte tyd kan wees vir só 'n belegging. Die tendens in die sektor was tot nou nie die spreekwoordelike vriend nie, omdat aandeelpryse taamlik skerp geval het. Die verwagting is egter dat hier 'n groot geleentheid vir beleggers lê en wag. Wag totdat die tendens opwaarts begin beweeg.

Dit is nie 'n skande om die eerste 20% van 'n bullopie van 'n paar honderd persent mis te loop nie. Ons is nog nie daar nie, maar beleggers kan gerus hul geldsake begin gereed kry om in bankaandele van hoë gehalte te belê wanneer die opwaartse tendens sy opwagting maak.

Die bankindeks het sedert sy hoogtepunt in Oktober 2007 met sowat 40% gedaal. Die grafiek van die bankindeks is saamgestel uit 21-dae- en 40-dae-bewegende gemiddeldes, asook 'n relatiewe-sterkte-aanwyser van die bankindeks teenoor die JSE se indeks van alle aandele.

Die relatiewe-sterkte-aanwy-



Só werk BGKD-aanwyser

Die BGKD (bewegende gemiddelde, konvergerend-divergerend) -aanwyser word gebruik om aandeelpryse tegnies te ontleed.

Dit is in die 1960's deur Gerald Appel ontwikkel. Dit toon die verhouding tussen twee bewegende gemiddeldes van die aandeelprys. Die algemeenste formule vir die BGKD is die verskil tussen die 26-daagse en die 12-daagse eksponensiële bewegende gemiddelde. Die verskil, 'n 9-daagse eksponensiële gemiddelde, word dan bo-op die twee lyne getrek en word gesien as 'n teken om te koop of te verkoop.

Die BGKD-lyn kan op verskeie manier vertolk word:

■ As die BGKD onder die

snellerlyn val, is dit 'n teken dat dit dalk tyd is om die aandeel te verkoop. Dit is dalk 'n goeie tyd om te koop as die BGKD bo die snellerlyn val.

■ Wanneer die aandeelprys wegbeweeg van die BGKD, wys dit 'n tendens eindig.

■ As die BGKD dramaties styg, is dit 'n teken dat die aandeel oorgekoop is en dat die prys binnekort na normale vlakke sal herstel.

Let op dat dit bloot 'n tegniese ontleding is en dat ook na onderliggende omstandighede van die aandeel gekyk moet word, soos die breër mark-omgewing en die maatskappy as sodanig.

■ Bron: www.investopedia.com

ser toon dat die bankindeks heelwat swakker as die indeks van alle aandele vaar. Albei grafieke dui die afwaartse-tendens van die sektor aan waar

weerstand ondervind word vir 'n styging. Hierdie lyn sal opwaarts gebreek moet word om 'n ommaswaai in die onderliggende tendens aan te dui.

Fundamenteel is al die bankaandele onderwaardeer. Veral Absa is onderwaardeer met 'n prys-verdiens-teveelvoud teenoor groei-vooruitsigte (PVG) van 45 en 'n vooruit geraamde opbrengs op ekwiteit van 25% en 'n dividend-opbrengs van 6,7%. FirstRand het 'n PVG van 48, 'n opbrengs op ekwiteit van 25% en 'n dividend-opbrengs van 6,3%. Nedbank het 'n soortgelyke waardasie, maar 'n laer opbrengs op ekwiteit van 23% en 'n hoër dividend-opbrengs van 7,3%. Standard Bank het 'n PVG van 60, wat steeds as onderwaardeer beskou word met 'n dividend-opbrengs van 5,1%.

FirstRand en Standard Bank is aansienlik oorverkoop, met geen teken van 'n opswaai nie.

Absa en Nedbank is egter besig om die eerste tekens van buldigheid te gee.

Dit bestaan daaruit dat die aandeelprys 'n sikliese laagtepunt bereik, terwyl 'n tegniese aanwyser, soos die BGKD (bewegende gemiddelde, konvergerend-divergerend) -aanwyser, dit nie bevestig nie, maar net mooi die teenoorgestelde doen deur 'n nuwe sikliese hoogtepunt te bereik.

Nedbank se aandele verhandel tans beeragtig onder sy 21-dae- en 40-dae-bewegende gemiddelde.

Die BGKD-aanwyser moet egter die nul-lyn kruis om 'n bul-teken te gee. Die afwaartse weerstandlyn moet gebreek word om 'n ommaswaai in die onderliggende tendens aan te kondig.

Die algemene sentiment teenoor die banksektor is tans taamlik beeragtig, en sommige sê dat beleggers die sektor in sy geheel moet vermy.

Wanneer almal negatief is oor 'n aandeel of sektor, is dit dikwels juis die tyd om oorweging daaraan te skenk, omdat dit dan gewoonlik aan die onderpunt van sy siklus is.

■ Vorster is PSG Online se direkteur vir aanlynverhandeling.